COVID 19 Belewenis in Brooks, Alberta, Kanada.

As oud-Aardrykskunde onderwyseres kan ek ongelukkig nie my belewenis van Covid-19 meedeel, sonder om die agtergrond van die ligging van Brooks in die yslike Kanada, wat oor 6 tydzones strek, te beskryf nie.

Alberta is die provinsie in die binneland, langs die verste Westelike provinsie, British Columbia. Ons twee grootste stede in Alberta is die hoofstad Edmonton en dan verder suid Calgary, wat nader aan die Amerikaanse grens is.

Brooks, die stad waarin ek woon, is Suid-Oos geleë van Calgary op die prairies (grasvelde) en ons het a bevolkings getal van omtrent 16 000 mense. Brooks is bekend vir die JBS vleisverwerkingsfabriek, wat 70% van die hele Kanada se beesvleis produkte voorsien. Dit is hoofsaaklik mense wat van arm lande kom, wat by die vleisverwerkingsfabriek werk.

Met die uitbreek van die pandemie het ons land se hoof mediese beampte en ons eerste minister, Justin Trudeau, gelukkig in die middel van Maart vir elke provinsie en sy leiers die opdrag gegee om te begin self-isoleer. Daarna het die meeste provinsies elkeen n noodstaat afgekondig en skole, universiteite, besighede en grense is onmiddellik toegemaak. Elke dag het elke provinsie, oor die nuus, die nuutste syfers en statistieke van hul eie hoof mediese beamptes ontvang. Ons is gemaan om te self-isoleer en die bevolking was gehoorsaam. Slegs kruideniersware winkels, drankwinkels, apteke en poskantore was oop.

Op die 9de April het Covid-19 egter Brooks getref. Op die 18de April het dit begin met 33 gevalle. Die getalle het vining opgeskiet na 102 – 157 – 257 en gou was dit oor n duisend gevalle in Mei.

Vandag was die laaste syfers dat ons stad 1117 gevalle gehad het, met net nog een geval aktief en 9 persone oorlede. Die meeste gevalle het voorgekom onder die JBS werkers waarvan veral van die Filipynse mense wat by n kerkbyeenkoms was en van die Suid-Amerikaners wat baie sosiaal was. Baie van die werkers se vrouens het verskillende skofte by die ouetehuise gewerk en so het dit versprei by die ouetehuise waar die meeste sterftes plaasgevind het.

Die Kanadese nuus het na Brooks verwys as ‘n “hotspot” en in hierdie tyd het ons almal redelike spanning ervaar as ons moes kruideniersware winkels of apteke besoek. Personeel by hierdie plekke wat moes bly werk, agter perspeks skerms, het ook redelik begin kortaf en onvriendelik geraak.

Calgary en Brooks kon 2 weke na die res van Alberta op 25ste Mei, begin met Fase 1 nl. die oopmaak van haarkappers en restaurante. Op die 12de Junie kon kinderspeelparke, biblioteke en salonne vir persoonlike dienste ook oopmaak asook baie ander besighede.

My persoonlike belewenis as n weduwee ver van my geboorteland was die eerste negatiewe reaksie, eensaamheid. ‘n Mens kan net soveel boeke lees, huiswerkies doen, beskuit bak en boodskappe stuur en ontvang, maar na 60 dae vir n ekstrovert wat afhanklik is van sosiale kontak met familie en vriende, is jou hond se geselskap net nie meer goed genoeg nie.

Ek soek nie simpatie nie, ek wil getuig van hoe my vriende begin uitreik het. Vriendinne wat my en Jamie (my hond) by die naaste meer ontmoet het en dan het ons 2 meter uitmekaar begin saamstap. Dan het hulle nog lekker tuisgebak saamgebring ook. Vriende wat wortelkoek gebak het en gou buite my voordeur kom los het. n Bybelstudie vriendin op die plaas wat my soontoe genooi het om in die veilige groot oop vlaktes langs die landerye te gaan stap. Die wonderlike eerste samekoms op n 80 -jarige bybelstudie vriendin se parkeerterrein voor haar woonstel met one eie kampeer stoele, koffie en gekoopte kolwyntjies.

Van al die “gee” wat ons almal in hierdie land ontvang het, het n stelsel van” Pay it Forward” ontstaan. So het ons almal begin om vir ander bejaardes en eensames te gee in hierdie ongewone omstandighede.

Wat vir my opvallend was, was hoe die mense van die begin van die pandemie in Vancouver se middestad begin het om 7 uur saans by hul balkonne en vensters uit te kom om met potte en panne geraas te maak om dankbaarheid te betuig aan al die mense in die gemeenskap wat hul eie gesondheid en veligheid in gevaar gestel het tydens die pandemie. Ander stede in Kanada het gou begin om dit te doen

Alhoewel hierdie pandemie heeltemal onverwags was en ons almal moeilike tye ervaar het is ek ongelooflik dankbaar dat ek in hierdie wonderlike land kan woon. Ek is besonders dankbaar vir my familie, vriende en kerkfamilie wat my ondersteun het. Ek is dankbaar vir oor die 6 miljoen mense wêreldwyd wat kon herstel van Covid-19 en ek is dankbaar vir oor die 150 verskillende entstowwe wat in ontwikkeling is. Ek glo en vertrou dat alles in die volgende paar maande kan herstel na n goeie nuwe normaal.